**REEKS: ONTMOETING MET GOD**

**ONTMOETING 2: MOSES ONTMOET GOD IN DIE BRANDENDE BOS**

**SKRIFLESING: EKSODUS 3:1-15**

1. Verwelkom almal. Hoor hoe was elkeen se week

2. **GEBED:**
   Vra spesifiek vir die Here om die dieper dinge van hierdie Ontmoeting te laat uitkom tydens julle kuier om die Skrif.

3. **LEES:**
   Eksodus 3:1-15

4. Moses is stoksiel alleen verlate in die veld vir 40 jaar lank, besig om skape op te pas en moes soos 'n mislukking gevoel het, totdat die Here hom kom roep het met 'n nuwe roeping op sy lewe.
   Was daar al tye in jou lewe wat jy gevoel het alles is nou 'n mislukking en jou kanse is nou verby, totdat die Here dit kom omdraai het en weer hoop gegee het?

   **Bespreek dit in die groep.**

5. Watter belofte gee God aan Moses wanneer Hy hom roep om Sy volk te gaan red van die Egiptiese onderdrukking, wat ooreenstem met Jakob se belofte in verlede week se sessie? Hoekom dink julle word die belofte weer herhaal?

6. Wat was Moses se eerste reaksie op hierdie roeping wat God op hom geplaas het? (Wie is ek?) En het jy al verskonings gehad vir kere wat die Here jou al geroep het om vir Hom iets te doen?

7. Hoe, en van wanneer af was Moses al deur God voorberei vir hierdie groot taak wat hy moes uitvoer? Dink terug na Moses se geboorte tyd.

8. Wat beteken dit vir jou as jy hoor God is: EK IS?

9. Wat  is een van die grootste lesse wat jy leer uit hierdie Ontmoeting van Moses met God?

10. **ONTHOU:**
    Ons almal het nie noodwendig sulke groot brandende bos-ontmoetings met God nie, maar elkeen van ons het sy eie ontmoeting met God waartoe God ons ROEP. Wat roep God jou om vir Hom te gaan doen?

11. **GEBED:**
    Bedank die Here dat Hy selfs "verlore" mense kies om vir Hom groot werk te gaan doen, en dat jy een van hulle is.